

# Hoe sê jy?

Elke dag is daar nuwe sêgoed en woorde op die internet en op sosiale media wat opduik en ons laat kopkrap. 'n Mens het omtrent 'n notaboekie nodig net om by te hou!

Voel jy uitgesluit met al die nuwe sêgoed en hashtags wat jou pelle op TikTok en WhatsApp rondgooi? Ons is hier om te help! Trek 'n pen nader en beïndruk jou vriende in jul volgende group chat.

## SIMP

Jy gebruik dié woord as jou vriend baie van iemand hou en alles uithaal om daai persoon gelukkig te maak – selfs al voel die ander persoon nie dieselfde oor hulle nie.

**Gebruik dit so** "Jaydee is so 'n simp. Sy het glad Craig se biologie-huiswerk vir hom geding."

## AMA2000

Dié woord word gebruik om iemand te beskryf wat tussen 2000 en 2005 gebore is.

**Gebruik dit so** "Ek is in 2004 gebore, Kelly. Ek's 'n ama2000. Ek ken nie die Backstreet Boys nie."

## FINNA

Dis die nuwe manier om te sê wat jy gaan doen.

**Gebruik dit so** "Ek finna chill wanneer ek by die huis kom ná skool."

## CHECK

Jy gebruik dié woord as jy iemand op hul plek wil sit of wil regstel as hulle verkeerde feite gee. Dis gewoonlik om iemand op 'n snaakse manier reg te stel.

**Gebruik dit so** "Jamie het Travis gister in die Engelsklas gecheck oor hy onnodig iets oor haar nuwe haar-kleur gesê het."

## EXTRA

Dit word gebruik wanneer jy of iemand anders te veel doen, dramaties is of oorreageer op 'n situasie wanneer dit beslis nie nodig is nie.

**Gebruik dit so** "Hou op so extra wees, Enrico. Dis net 'n muis. Dis nie nodig om jou hele kamer te ontruim nie."

## FINSTA

Jammer as ons nou jou geheime lewe in die kuberruim verkap! 'n finsta verwys na iemand se tweede

Instagram-profiel, waar hulle goed laai wat hulle te bang is om op hul regte profiel met hul vriende te deel. Dis gewoonlik 'n geheime profiel onder 'n ander naam.

**Gebruik dit so** "Het jy Jesse se finsta-post gesien? Sy is so extra."

## DEAD of I AM WEAK

Nee, die persoon is nie regtig oorlede nie. Dis wat jong mense deesdae sê wanneer iets baie snaaks is.

**Gebruik dit so** "Ek is dead! Daai gif was supersnaaks. I am weak!"

## CLOUT

Dis iemand se invloed of status op skool of in 'n groep. Dit verwys ook na die negatiewe manier waarop iemand aandag sal soek of iets sal sê of doen om status of invloed te kry.

**Gebruik dit so** "James het baie clout op skool omdat hy rugby speel."

## STAN

Dis wanneer iemand baie hou van iets of iemand en enigiets vir hulle sal doen. Dis ook 'n ander naam vir 'n obsessiewe aanhanger.

**Gebruik dit so** "Gareth blaas altyd

al sy sakgeld op enigiets van Billie Eilish. Hy stan haar."

## SLAPS

Jy kan dit gebruik as jy iets cools of lekkers op 'n positiewe manier wil beskryf.

**Gebruik dit so** "Daai McFlurry slaps altyd baie lekker ná 'n moeilike vraestel."

## HOEVEEL VAN DIÉ GEWILDE AFKORTINGS KEN JY?

**Ship** – relationship

**Jelly** – jealous

**Hundo P** – 100%

**GOAT** – Greatest of All Time

**IDK** – I don't know

**Tope** – Totally dope

**PAW** – Parents are watching

**TIME** – Tears in my eyes

BRONNE: URBAN DICTIONARY, MOMYDADY.COM, MOTHERLOVINCHAOS.COM

# HOEVEEL KEN JY?

Disney Channel, Disney Junior, Cartoon Network en Boomerang het twee goed in gemeen: Dié DStv-kanale het verreweg van die beste reekse en animasieprogramme op die kassie. Ons kan ook nie genoeg kry van die karakters wat dié reekse so gewild maak nie. Maar hoeveel van dié einste TV-karakters ken jy? Vul ons lysie in en merk hoeveel jy uit 25 reg het.

### ANTWOORDE

1	14
2	15
3	16
4	17
5	18
6	19
7	20
8	21
9	22
10	23
11	24
12	25
13	



1. DOC McSTUFFINS 2. REEDY THE FLAMINGO 3. BUGS BUNNY 4. MR. BEAN 5. MR. MACDOO 6. SCOOBY-DOO 7. MASHA & BEAR 8. BEAST BOY 9. ADULT SWIM 10. BEN TENNYSON 11. THE BEARZ 12. LINCOLN 13. MOE SIMPSON 14. THE FLASH 15. BLOSSOM 16. BUNNY 17. BART SIMPSON 18. LISA SIMPSON 19. AXEL 20. KIM POSSIBLE 21. MIRA 22. BLUEY 23. BAMBAN BAKTER 24. NANCY CLANCY 25. KIT SECORD / THE ROCKEETER